

**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

**MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS**

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**FLEURETTE
BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette vir
julle BLOEMME . . .
SPESIALE AFSLAG
Kerkstraat 143 Tel. 4062

JAARGANG XXI

WOENSDAG 6 OKTOBER 1965

NR. 2

Vyf nuwe Nusas-takke:

GEEN KANS VIR NUSAS SÊ A.S.B.-VOORSITTER

„DIE kanse dat Nusas 'n tak aan die P.U. vir C.H.O. sal stig, is nul,” het mnr. J. Bradley, voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak Maandag gesê na aanleiding van berigte dat Nusas binne die volgende paar maande vyf nuwe takke in blanke en nie-blanke opvoedkundige sentrums wil stig.

Mnr. Bradley het in 'n onderhoud gesê Nusas se beleid is lynreg in stryd met die beginsels van die P.U.

„Ek is oortuig daarvan dat die deursnee student aan ons Universiteit se houding nie net een van afkeur is nie maar ook een van vyandigheid,” het hy gesê. Nusas sal 'n vernietigende neerlaag ly in sy poging om 'n aanslag te maak op die geestesweerbaarheid van die Afrikaanse student, het hy ge-
waarsku.

Die Pukstudent sal nooit toelaat dat so 'n Liberalisties-kommunisties ge-oriënteerde organisasie hom ontnem van sy Christelike-nasionale karakter, soos opgeneem in die volkstradisie van die Afrikaner, nie.

UITDAGING

Volgens 'n berig in die pers het die Transvaalse streeksdirekteur van Nusas, mnr. M. Shill gesê sy organisasie het die uitdaging van die oud-president van die A.S.B., mnr. Paul de Beer aanvaar. Hy sou glo die uitdaging aan Nusas

gerig het om takke aan Afrikaanse universiteite te stig.

Nusas het onlangs 'n tak aan die Universiteit van Pretoria gestig Volgens berigte het die stigtingsvergadering op 'n Sondag plaasgevind. 'n Nie-blanke lid kon nie



MNR. J. BRADLEY

Foto: Fotokuns

die vergadering bywoon nie vanweë 'n sokkerwedstryd wat gespeel is.

Mnr. P. de Beer, voormalige president van die Afrikaanse Studentebond het gesê Nusas is besig met 'n doelbewuste uittarting. Hy het aan Dagbreek gesê dat hy in 'n brief aan Nusas dit duidelik gestel het dat niks in hulle weg lê om takke op Afrikaanse inrigtings te stig nie. Hy het bygevoeg dat dit moeite sal bespaar om Nusas aan die kaak te stel. Hulle sal op die wyse hulself en hul strewende aan die studente openbaar.

Funksie vir non-slepers

Volgens die jaarprogramme van die onderliggame van die A.B.K.K. kan daar volgende jaar baie verwag word van kuns en kultuur op die Puk.

Daar gaan gepoog word om in al die behoeftes van die studente te voorsien, word verneem. Dit gaan wissel van 'n non-slepers-funksie tot „die warmste toer” wat gedurende die universiteitsvakansie sal plaasvind.

Die A.B.K.K. doen 'n beroep op elke student aan die P.U. om in te skakel by een van die onderliggame sodat die Alma Mater ook in die opsig gedien kan word.

Afrikaanse universiteit sal oor vyftien maande begin

Die Randse Afrikaanse Universiteit sal aan die begin van 1967 reeds in tydelike geboue op die terrein van die Goudstadse Onderwyskollege gevestig word. Permanente Universiteitsgeboue sal waarskynlik in die nabyheid van die Kollege opgerig word.

'n Terrein van 150 morg naby die Kollege is deur die Universiteitskomitee aanbeveel. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal die terrein ondersoek en sy aanbevelings aan die Minister, Sen Jan de Klerk, voorlê.

STEUN

Volgens dr. Meyer, voorsitter van die Universiteitskomitee, bestaan daar reeds sekerheid dat stadsrade, sakeondernemings en kultuurliggame binne die gebied, hulle volle steun sal gee met

insamelingsveldtogte sodat die totstandkoming van die Universiteit nie vertraag word nie.

LAASTE KLOMPIE



Wat 'n mens nie alles sal doen om te kan eksamen skryf nie. Hier staan die Pukkies sommer so 'n lang tou en wag om te kan inskryf vir die eindeksamen. Die foto is geneem op die laaste dag wat die studente geleentheid gehad het om nog in te skryf sonder 'n „klein” bybetalinkie vir laat inskrywings.

Foto: Fotokuns



Is die student moedeloos of rus hy maar net na 'n dag van uitputtende studie. Dit lyk beslis of die man nie kan glo dat die eksamen werklik so naby is nie.

Volgende week begin die Pukke blok en kan 'n mens die spanning weer met 'n stok voel.

Foto: Mac v. d. M.

NUWE S.R.-VOORSITTER DUI RIGTING AAN

„Die studentemassa moet hom nie van die Studenteraad distansieer nie. Die komende termyn sal baie ondersteuning van die massa verg,” het mnr. Frans van der Walt, nuwe voorsitter van die Studenteraad, Woensdag, 8 September, tydens 'n massa-vergadering in die Totiussaal gesê.

Mnr. Van der Walt het gesê dat die studente as 'n organiese gemeenskap die gees van die universiteit bepaal. Daarom moet die studente die Christelike beginsels van die P.U. uitleef. Die studentegemeenskap is verantwoordelik vir die openbare mening wat oor die universiteit gehuldig word.

Mnr. Van der Walt het gesê organisatoriese veranderinge word in die studentelewe beoog. Die studentemassa moet alle probleme in die regte gees aanpak en huis skoonmaak. Tradisie is nie beginsel nie. Die studentemassa kan nuwe vorme skep ooreenkomstig hulle beginsels.

FATAAL

As die studentemassa hom distansieer van die studentelewe en 'n negatiewe houding inslaan, sal dit fataal wees. Die studente moet egter positief optree en hulle beginsels lewend hou.

'n Mosie van volle vertroue in die nuwe Studenteraad is deur die vorige S.R.-voorsitter, mnr. Fanie du Plessis, voorgestel. Die studentemassa het die mosie eenparig aangeneem. —P

Poste vakant op redaksie van Wapad

Aansoeke word nog ingewag van persone wat belangstel om die volgende poste op die redaksie van die Wapad te vul vir die nuwe termyn: **Varlaredakteur/trise**, penningmeester, sub-redakteur, kunsverslaggewers (2), en sportverslaggewers (2), tiksters.

Aansoeke kan in die Wapad se bussie by die Studenteraadskantoor geplaas word.

Eerste atletiek Saterdag op Olënpark

Die atletiekseisoen word vanjaar op 'n hoë noot in Wes-Transvaal ingelei. Saterdag vind daar reeds 'n inter-provinsiale byeenkoms op Olënpark plaas.

Spanne van Suid-, Noord-, en Wes-Transvaal asook 'n span van S.W.A., sal deelneem. Verskeie Pukke sal na verwagting in die Wes-Transvaalse span opgeneem word. —P.F.S.

Oud-Gimmies op Nuwe S.R.

Een derde van die portefeuljes op die nuwe Studenteraad van die P.U. word gevul deur oud-leerlinge van die Hoërskool Gimnasium te Potchefstroom.

Tydens die onlangse studenteraadsverkieping is vyf oud-leerlinge van die skool op die Studenteraad vir die nuwe termyn verkies. Hulle is: Mej. Wilna le Roux en mnr. A. de Plooy, B. de Klerk, J. Schutte en W. Coetzee.



Twee-en-twintig ondeunde knapies met die soetste stemmetjies het op die Puk sommer baie harte gester. Hier glimlag die vriendelike seuntjies en hulle „ouers” mooi vir die Fotograaf.

Foto: Fotokuns

Seunskoor verower harte met hul pragtige sang

Die Weense Seunskoor het op 13 September in die Totiusaal van die P.U. vir C.H.O. opgetree voor 'n groot gehoor.

Die eerste helfte van die program het bestaan uit gewyde liedere van meesters uit die Hoog-Renaissance en Barok. Die deel van die program het die tweede helfte ver oortref. Die liedere is almal in capella-styl gesing met verbasende beheersing en tog vloeiende oorgawe.

Eerste bundel van oud-Puk

Die eersteling-digbundel van mnr. Marnus Rootman, oud-student aan die P.U. vir C.H.O. is tans op die pers. Hy kon nie met sekerheid sê wanneer die bundel sal verskyn nie.

Mnr. Rootman het in 'n onderhoud sy werk bestempel as „Gillilandmateriaal op Brinkstyl”. Dit wyk volgens hom heeltemal af van „die gewone poësie”.

Die gedigte is reeds aan die bekende skrywer, A. P. Brink, voorgelê. Sy kritiek was bo verwagting gunstig.

Op 'n vraag of hy enige vooruitsig het om finansiël te baat by sy eerste poging, het mnr. Rootman gesê dat dit nie die doel is nie.

Mnr. Rootman skryf nie onder 'n skuilnaam nie.

— N.

Met die tipiese deegtheid van die groep is baie aandag geskenk aan fynere tegniese puntjies soos intonasie en polifoniese duidelikeheid.

Die komiese eenbedryf van Offenbach het geen verelende oomblik aan die gehoor gebied nie.

Die volksliedere wat gevolg het was gekenmerk deur 'n lewenslustige vertolking en oorgawe.

HOOGTEPUNT

Strauss-walse het al 'n soort kenwysie van die Seunskoor geword en vir baie was dit dan ook die hoogtepunt van die aand.

As toegifte is 'n paar Afrikaanse Volksliedjies op heel oorspronklike wyse gesing.

Mondigwording vir Potch se volksteater

Die Volksteaterkoor van Potchefstroom vier volgende jaar sy mondigwording.

In die 21 jaar van sy bestaan het die vereniging gesorg vir baie uitvoerings van hoogstaande gehalte. Daar is reeds groot lof ingeoos van oorsese besoekers. Die voorsitter is die bekende prof. P. A. J. Ryke, verbonde aan die Departement Dierkunde van die P.U.

LEIERSKURSUS OP PUK AANGEBIED

Die Departement Musiek aan die P.U. het van 3 tot 4 Oktober 'n kort koorleierskursus in die Konserwatorium aangebied. Die kursus het onder leiding van prof. Michael Schneider wêreldberoemde orrelis en musikus van Köln, Duitsland gestaan.

Prof. Scheider het in die voormiddae die orrelspel waargeneem en in die namiddae voordraglesings gehou oor die verskillende aspekte van die kerkmusiek.



Mnr. J. Breed, voorsitter van die Thalia Toneelvereniging van die P.U. is aan die woord tydens die onlangse dinee van die vereniging.

Foto: Mac v. d. M.

Thalia gaan weer toer, sê voorsitter van A.B.K.K.

„Thalia sal D.V. weer volgende jaar 'n toneeltoer onderneem om as ware ambassadeurs van die P.U. vir C.H.O., die inrigting aan die buitewêreld bekend te stel,” het die voorsitter van die toneelgeselskap, mnr. Johan Breed, in 'n onderhoud gesê.

'n Eenbedryf deur die „nuwelinge” vroeg in volgende jaar plaas, met die oog daarop om nuwe talent te ontdek. Daar sal ook volgende jaar met die hulp van die Departement Drama aan die A.S.B.-kunsfees op Stellenbosch deelgeneem word.

Mnr. Breed het gesê Thalia gaan nie net die gebied van die toneel aandurf nie, maar ook alle vorme van voordrag en die spraakkuns sal sover moontlik bevorder word.

Burgemeester se grafsteen is onthul

Die onthulling van die grafsteen op die graf van wyle prof. D. J. van Rooy, in lewe burgemeester van Potchefstroom, het Sondagmiddag, 3 Oktober in die Potchefstroomse kerkhof plaasgevind.

KUNSGESELSIE

EEN van die belangrikste faktore wat die moderne literatuur vir die leek „duister” maak, is die veelvuldige mitologiese agtergrond waarvan die skrywers gebruik maak. Die meeste van ons het met die verskynsel kennis gemaak met die lees van publikasies van moderne Afrikaanse skrywers. Wie het nie Orgie van A. P. Brink, Sewe Dae by die Silbersteins en Een vir Azazel van E. le Roux met die eerste lese „duister” gevind nie?

Die primitiewe skrywers en lesers het mitologiese verwysings glad nie vreemd gevind nie — hulle het immers midde in die mites en legendes gewoon. Dit was volksbesit en kinders van hulle eie skeppingsfantasie. Daar bestaan verskeie Westerse mitologiese stelsels. Die Oosterse mitologieë is minder bekend vir ons en word baie minder deur Westerse skrywers gebruik. A. P. Brink het in Orgie byvoorbeeld 'n Oosterse mite gebruik en wel 'n vrugbaarheids-mite. Die vrugbaarheidsstema, wat die idee van dood en herrying of opstanding uit die dood inhou, kom in feitlik alle mitologieë voor.

Die ontstaan van mites, net soos die ontstaan van die drama, hang nou saam met die vrugbaarheids-mites van die primitiewe volkere.

Daar bestaan verskeie groepe Westerse mitologieë. Vir ons is die bekendste sekerlik die mites van die Antieke Grieke. In die Westerse literatuur kom die Griekse mites ook meer algemeen voor. Die Romeine het die mites van die Grieke feitlik net soos hulle was, sonder enige ingrypende verander-

ings, oorgeneem. Hulle het net al die Griekse name van die gode in Latyn vertaal.

DRAMAS

Die Griekse en Romeinse dramaturge het selfs reeds begin met die tradisie om die mitologiese feite te verwerk of as agtergrond te gebruik vir hulle dramas. Die bekendste letterkundige figure uit hierdie tydperk was onder andere Aischylos, Sofokles, Euripedes, Homeros, Vergilius en Seneca. Hierdie letterkundige figure het almal feitlik net van mites gebruik gemaak as stof vir hulle skeppings.

Behalwe Suid-Europese of Romaanse mitologie bestaan ook Noord-Europese mitologieë. Die Keltiese, Teutoonse en Germaanse volkere het elkeen ook hulle eie mitologieë gehad. Die mitologieë is in sommige opsigte baie interessanter as die Griekse mitologie — hulle esit definitief meer atmosfeer. Die letterkundige uitings, wat ontstaan het uit hierdie mitologieë het die vorm aangeneem van 'n paar indrukwekkende sagas. 'n Beende saga is Beowulf, wat ontstaan het uit Noorse mites en wat honderde jare later ontdek is in 'n oud-Engelse manuskrip.

Daar is ook die bekende Germaans-Noorse saga van die Valsungs en die Niblungs. Hierdie mites is op treffende wyse deur Richard Wagner verwerk in sy grootste operasiklus „Der Ring des Nibelungen.”

Tydens die Middeleeue het baie letterkundige werke tot stand gekom wat die Noord-Europese mitologieë as basis gehad het. Die Grieks-Romeinse mitologie het egter in vergetelheid verval totdat die Renaissance die groot Klassieke herlewing veroorsaak het. In die letterkundige periodes na die Renaissance het die mitologiese verwysings in letterkundige werke verval in 'n gevoellose ingewikkelde en modieuse stylvorm. Eers met die koms van die Romantiek is weer met enige wins geput uit die skat van die verskillende mitologieë — Westers sowel as Oosters.

HERLEEF

In die laaste jaar of dertig het die tradisie weer in volle glorie herleef. Franse, Duitse, Engelse en talle ander skrywers begin hulle weer wend tot die onuitputlike bron van die mitologie.

„DIE BESOEK” IN GRAND VERTOON

„The Visit”, is Maandag en Dinsdag in die Grand-teater in Potchefstroom vertoon, met Anthony Quinn en Ingrid Bergman is die hoofrolle.

„The Visit” is 'n filmverwerking van die moderne Duitse dramaturg Friedrich Dürrenmatt se werk. Die besoek van 'n ou dame.

Ingrid Bergman swiep hier weer oor die silwerdoek met 'n bravado wat kenmerkend was van elke rolprent van Garbo in die dertigerjare. Daar kan baie min fout gevind word met haar vertolking. Anthony Quinn groei in sensitiwiteit om aan te pas by al haar stemminge. Hier was egter 'n paar strukturele swakhede in die film.

Die rolprent voer nie die toeskouer tot hoogtepunte van entoesiasme nie, maar pen hom in die sitplek vas in voortdurende spanning.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

POTCHEFSTROOM

Telefoon 5032

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

Interuniversiter

IN die jongste uitgawe van „Modern World”, 'n studenteblyd aan die Universiteit van Kaapstad, spreek die blyd sy sorg uit oor die toenemende „seldsaamwording van lewendige protes teen die regering van dr. Verwoerd”. Die blyd is van mening dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat baie van die heftigste protesteers teen apartheid, die swye opgelê is.

Die blyd voel ook gerus omdat hulle daarvan oortuig is dat die menings wat hulle huldig, binnekort algemeen in Suid-Afrika aanvaar sal word.

Ten slotte sê die blyd dat hulle geen doktrinêre ideologie huldig nie, en dus 'n wye gebied van opinies aanvaar(?) Redaksie-lede hoef dus nie saam te stem met alle menings wat in die blyd gehuldig word nie.

In dieselfde blyd word gesê dat die lektore wat Kommunistiesgesind is alleen van die universiteit geban kan word, indien diegene wat Calvinistiese en Rooms-Katolieke, dogmas huldig, ook verban word.

CHILI:

Luidens 'n berig in die Cu-baanse studenteblyd DRE International, het die Chileense instituut vir statistiese navorsing aan die Universiteit van Chili onlangs aangekondig dat daar in 1964 reeds 32,995 studente aan die agt Chileense universiteite was.

Volgens die statistiek geniet Opvoedkunde die wydste belangstelling, nl. 29,5 persent. Die belangstelling was die minste in Fisika en Wetenskap nl. 0,1 persent.

AUSTRALASIË:

Die Beatlemanie doen tieners nie kwaad nie, het dr. E. Davies, senior lektor in Sielkunde aan die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis onlangs gesê. Hy sê die Beatles sing net oor die een ding waarvan elke meisie droom — om aanbid te word. Vir meisies is dit 'n plaasvervanger van 'n kêrel. Daar is geen seksmotiewe agter die Beatles se musiek nie. Lief-taligheid en ideale liefde is die motiewe, sê dié professor.

SANTA MONICA:

Universiteitsstudente het tien dae lank in 'n bad met skoonheidsolies gesit as deel van 'n proefneming om 'n toestand van gewigloosheid te skep. Nadat die studente uit die bad met olies gekom het, het hulle tien dae lank in die bed gebly om uit te vind of indompeling groter met gewigloosheid ooreenkom as om in die bed te lê.

RHODESIË:

Meer as duisend blanke studente van Rhodesië studeer aan Suid-Afrikaanse universiteite in

Doktorsgraad in Mikrobiologie aan P.U. behaal

Die direkteur van Onderste-poort, dr. B. C. Jansen is die eerste persoon om 'n doktorsgraad in Mikrobiologie aan die P.U. vir C.H.O. te behaal. Hy het reeds 'n doktorsgraad in Veeartsenykunde de.

Dr. Jansen het onder dr. D. van Eeden, hoof van die Departement Mikrobiologie en Higiëne aan die P.U., gewerk. Hy was dr. Van Eeden se eerste doktorale student. vergelyking met slegs 515 vol-

tydse studente van alle rasse wat aan Salisbury se eie universiteitskollege studeer.

UNIVERSITEIT BROWN:

Voorskrifte vir geboortepille word deur die Universiteit Brown se gesondheidsdiens verskaf aan ongetroude vrouestudente bo die ouderdom van 21 jaar, volgens die Brown Daily Herald, nuusblad van die universiteit. Volgens die blyd het die direkteur van die gesondheidsdiens, dr. R. D. Johnson, gesê dat die diens op eie inisiatief ingestel is en dat dit niks met die beleid van die universiteit te doen het nie. Die universiteitsprediker het gesê die toestand beklemtoon die morele twyfelagtigheid van die heden-dagse universiteitslewe, die verval van vaste etiese norme, die ondoeltreffendheid van slag-spreuke en die noodsaaklikheid van ernstige gesprekke oor die aard van morele lewenswyse van-dag.

(Wanneer daar aan 'n inrigting opgetree word op 'n wyse wat niks met die „beleid” van die inrigting te doen het nie, dan wil 'n mens sterk twyfel of so 'n inrigting werklik 'n beleid het. —Red.)

AUSTRALASIË:

'n Universiteitsprofessor van Sydney het 'n toets ontwerp wat sielkundiges in staat stel om uit te vind of twee mense wat nog nie ontmoet het nie, van mekaar sal hou.

GRAHAMSTAD:

Die studenteraadsverkie-sings aan die Rhodes Universiteit toon dat Nusas op die kampus besig is om veld te wen, berig die Daily Dispatch.

WITS UNIVERSITEIT:

Die uitslag van die studenteraadsverkie-sing aan die inrigting word vertolk as 'n duidelike omme-swaai teen Nusas en ten gunste van meer konser-watiewe uitkyk, berig die Trans-valer.

Armindale (AUSTRALASIË):

Meer as 700 studente van die Universiteit van Nieu-England het onlangs ge-protesteer teen die verbod wat deur die universi-

teitsowerheid geplaas is op be-soeke van lede van die teenoor-gestelde geslagte aan mekaar se kamers. Ten spyte van die risiko om met ongeveer vyftig rand beboet te word, het hulle 'n dameskoshuis binnege-dring waar die dames hulle vrolik ontvang het.

— A.d.R.

Kry erkenning op Rhodes

'n Nuwe studenteorganisasie op die kampus van die Univer-siteit van Rhodes, die Konser-watiewe Studenteassosiasie van die Oostelike Provinsie, het am-pelike erkenning van die Stu-denteraad ontvang.

Die doel van die organisasie is „om die internasionale aksie teen Suid-Afrika en enige Suid-Afrikaner wat dit steun, teen te gaan”. Die organisasie is „patrioties” en sal enige ideologie beveg wat die voortbestaan van die blanke in Suid-Afrika ondermyn.



Dit is 'n besondere voorreg om op die huiskomitee te dien. Hier geniet die kiesers 'n dopery na afloop van die onlangse huiskomverkie-sing
Foto: Mac v. d. M.

Inougurele rede van nuwe ere-professor

Dr. M. D. Marais, 'n bekende Afrikaanse ekonoom wat be-noem is as ere-professor in die Departement Geld- en Bank-wese aan die P.U., het op 24 September sy inougurele rede gelewer.



Hierdie toneeltjie toon die „werkplaas” van die Pukstudent vir die volgende maand of twee.

Foto: Mac v. d. M.

GEOLOGIESE STUDENTE WAS VANJAAR WEER BAIE BEDRYWIG

DIE Potchefstroomse Geologiese Studente Vereniging het Donderdag, 16 September, 'n kort uitstappie na die Stilfontein-myn onderneem, waar hulle die gaste van die Geologiese Departement was.

Volgens 'n verslag van die vereniging was die studente van-jaar weer baie aktief. Nie alleen het daar verskeie spre-kers voor hulle opgetree nie, maar daar is ook gedurende die wintervakansie 'n toer na Suid-wes onderneem. Meer as 4,200 myl is afgelê om die verskeidenheid van Geologiese besiens-waardighede te besoek.

Plekke soos die myn op Tsu-meb, Vingerklip, Brandberg, en die ou Vulkana Brukaros is besoek.

PRESIDENT

Die verslag meld voorts dat prof. B. Ackerman op 'n spe-siale verkiesingsvergadering as lewenslange president van die vereniging aangewys is.

Die jaarlikse re-unie van die Geologiese studente vind Sater-dag by die Potchefstroomse dam plaas. Alle Geologie-studente en -oud-studente is hartlik welkom.

Daar is ook krieketproewe ge-hou, ten einde 'n elftal van die geologiëstudente saam te stel.

Die span sal later in die seisoen teen die spanne van ander Departemente kragte meet.

Studente skryf . .

„Not only does Nusas express democratic opposition to Govern-ment policy but it continues to prove that allegedly unworkable integration and freedom is logical-ly feasible and harmoniously possible.” — Trend.

(’n Mens kry sekerlik demokrasie en demokrasie.—Red.)

„Indien 'n mens wil aanspraak maak op ware burgerskap van ons land moet hy in die eerste instansie 'n ernstige verantwoordelikheid openbaar: kritiek op 'n los en vas wyse in die pers bou niks op nie — dit breek net af.” — Mnr. Danie du Toit, President van A.S.B.


„It is part of the charter and statutes of the University of Cape Town that all university facilities should be open to all students.” — Varsity.

„Die swartman het 'n ander be-skawing en politieke siening wat voortspruit uit sy lewenswyse en tradisies, eie aan homself en daar-om kan hy nie inpas by ons patroon nie. —Perdeby.

„Race predjudice is based on groundless fears suspicions and misunderstandings.” — M. Luther King soos aangehaal in Varsity.

Besoek eksotiese Suid-Amerika

'n Volle 26 dae in Suid-Amerika



17 JAN.—14 FEB. 1966

'n Opwindende 29-DAAGSE T.F.C.-LUGTOER wat die meeste vrolike stede en lieflike natuurskoon dek teen 'n SPESIALE ALLESINSLUITENDE PRYS wat helfte is van die gewone lugtarief!

'n Wonderlike ekskursie vir jongmense!

R570
(INSLUITEND)

RIO DE JANEIRO, SAO PAULO, PORTO ALEGRE, MONTEVIDEO, BUENOS AIRES

Skakel u plaaslike Reisagent of
T.F.C. TOURS (EDMS.) BPK.
4de Verdieping — New Plaza Centre,
H/v. Rissik- en Jeppestraat,
JOHANNESBURG. Tel. 838-3011



TX MODISTE

(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

Paradise Restaurant

Die plek met
SNOEKERTAFELS
Tomsstraat 86 Tel. 5474

BOUQUET BLOEMISTE

Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

MOOIRIVIER APTEEK

Kerkstraat 205 Tel. 6341

Agente vir:

„Helena Rubenstein“

-Skoonheidsmiddels

I. GLASER

— JUWELIER —

VERLOOFFRINGE:
AFSLAG
vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

U koop graag

VEKA

Daarom koop u by die
enigste VEKA-uitrusters in
die dorp . . .



Mans- en Sportuitrusters

GROSVENOR

EN

GOUGH MOTORS

GEMAGTIGDE

—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE

Asook:

Vespa

en

Lambretta

BROMPONIES

die WAPAD

WOENSDAG 6 OKTOBER 1965

EINDEKSAMEN

DIE einde van nog 'n akademiese jaar spoed nou haas nader. Weldra sal elkeen die geleentheid kry om die oes in te samel. 'n Oes waarvoor daar lank reeds voorbereidings getref is — of moes getref gewees het.

Op die vooraand van hierdie groot „fees“ kan ons egter dadelik 'n skeidslyn trek tussen die ware feesganger en die beswaarde feesganger. Vir die een groep is die eindeksamen 'n mylpaal wat bereik sal word; vir 'n groter groep doem dit egter op as 'n berg wat alleen met groot moeite oorkom kan word.

Bekommerenis en spanning is al wat die komende bloktyd vir laasgenoemde groep inhou. Die lewenstempo vir diesulkes word vir die volgende paar weke plotseling verhoog. Op die tydstip kom die woord „eksamenvrees“ dan ook dikwels ter sprake.

Die student wat steeds die balans gehou het in 'n samelewing, waar elkeen die gevaarlike gawe van vryheid ont-

vang het om na eie goeddunke te gebruik, sal sekerlik baie min te vrese hê. Hy wat teen eensydigheid gewaak het en gebou het aan alle aspekte van mens wees, wat die breë terrein van die studentelewe met verantwoordelikheid betree het, hy sal kalm en met minder emosie die studietydperk wat voorlê, kan aanpak. Veel meer kan dan ook verrig word as om in 'n toestand van hoogspanning en koersagtige gejaag, studiemateriaal te wil inprop. En die breekpunt wat dikwels so onvermydelik is, mag allermins in die eksamen bereik word.

Ontvlugting is geen reddingsmiddel nie. Daar moet kalmweg en seëvierend 'n oplossing gevind word. Dit mag vir sommige in hierdie stadium 'n bietjie te laat klink. Met durf en deursettingsvermoë wat eienskappe van elke P.U.-kaner moet wees, kan veel positiefs nog verrig word. Laat die eindeksamen vir almal 'n uitdaging wees om slegs die beste te lewer.

NUWE NUSAS-TAK

ONLANGS is verneem dat studente van die Universiteit van Pretoria 'n tak van Nusas gestig het. Hierdie nuus mag onrusbarend wees. Dit kom egter nie as so 'n groot verrassing nie. Aan die betrokke universiteit studeer 'n heterogene studentemassa met uiteenlopende denkgigtinge.

Die feit dat verskeie Afrikaanssprekende studente 'n aandeel het in die totstandkoming van die Nusas-tak, laat 'n slegte smaak in die mond na.

Met verwysing na die hoofartikel van die jongste Perdeby, amptelike studentekoerant van U.P., waarin die hoofredakteur skryf:

„Hoewel dit nog glad nie 'n uitgemaakte saak is dat die stigting van die tak aan U.P. erkenning sal geniet nie, weet ons immers dat hier veertig studente rondstap wat anders

dink as die meeste van ons,“ kan 'n mens nou reeds die voorspelling maak dat die Nusassiete op die Tukkiekampus teëspoed sal kry.

Elke mens wat net vir een oomblik nugter wil dink, sal na die belaglike King-eskapedes van Nusas somer baie gou wil appelleer teen hierdie liberalistiese gedrog. Op die kampus van Tukkie is daar gelukkig genoeg studente wat die Nusas-tak „'n kortstondige verblyf aan U.P.“ sal versker.

Nusas se simptome is te duidelik. Niemand kan meer 'n fout maak in die diagnose van die siekte nie. Dit sou egter interessant wees om hierdie groepie studente se reaksie te sien indien hulle op dieselfde wyse behandel word as wat die Konserwatiewe Studentevereniging aan die Universiteit van Kaapstad behandel is.

Deur My Lens

V.V.R.

Die fietsryers moet ry en Japan moet handel dryf. In 'n verslag voor die Veiligheidsraad van die V.V. sê Japan dat hy beswaarlik 'n handelsboikot teen Suid-Afrika kan voorstaan, omdat hy moeilik alternatiewe markte vir sekere handelsartikels sal kry.

Alles leer: mans sal moet leer dat vrouens na willekeur oor hulle leerbare kouse kan besluit; gekleurde kouse is in die mode. In die V.S.A. bestee vrouens jaarliks vierbiljoen dollar aan skoonheidsmiddels. Helena Rubenstein, koningin van dié bedryf is 'n kort rukkie gelede in die ouderdom van 94 jaar oorlede.

In U Lig

Joh. 21:6

„En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets te eet nie.“

„WAT HET JULLE OM MY AAN TE BIED?“

Die gebeure wat Johannes in hoofstuk 21 van sy beskrywing van die Evangelie verhaal, het hom afgespeel aan die See van Tiberias. Na die kruisiging van Christus, het die dissipels weer teruggekeer tot hulle dagtaak wat hulle verrig het voor hulle roeping as dissipels, hulle taak as vissermanne. Christus kom hier na hulle met die vraag na voedsel, 'n vraag wat Hy met reg aan hulle kon gevra het omdat hulle juis besig was met visvang.

Hierdie Skrifwoord geld egter nie net vir die dissipels nie, maar ook vir ons as die gelowiges van hierdie eeu, die verligte eeu met sy gejaagde en vol lewe. Hierdie vraag hou egter meer in as net die vra na voedsel. Christus vra van die dissipels voedsel omdat hulle besig was om vis te vang. Wat vra Christus van ons met hierdie vraag?

Die gelowige se lewe word bepaal deur een beginsel nl. dat hy wandel in die genade van sy Koning, Jesus Christus. Dit betrek die hele lewe, alles wat hy doen, staan in die teken van Christus. Dit doen hy egter nie uit wetsvervulling nie, maar uit dankbaarheid teenoor God vir al die genade wat Hy van God in Christus ontvang. Daarom wil hy sy hele lewe in diens van die Koninkryk van die Hemele wy. En as Christus die vraag van ons teksvers aan ons as gelowiges van hierdie tyd rig, dan is dit gerig op ons dankbaarheidslewe, op ons lewe as burgers van die Koninkryk van God. Van die dissipels het Christus voedsel gevra, omdat Hy dit reg van hulle kon verwag, juis omdat hulle besig was om vis te vang. Van die gelowige verwag Christus geloofsvrugte, juis omdat Hy dit van die gelowige kan verwag en dit by hom kan soek.

Dit geld ook vir ons as studente, veral nog studente van hierdie ingrigting met sy leuse van „In U Lig“. Die jeug word gekenmerk deur vreugde en spel, vrolikheid in die dae van sy jonkheid. Dit is 'n tydperk van verwagting, van ervaring van nuwe dinge, van vorming vir die lewe wat voorlê. Nou is die vraag: Wat kan ons Christus in hierdie tyd van ons lewe aanbied uit dankbaarheid vir al Sy weldade? Wat bied ons Hom in ons studies, op die sportveld, in die gewone studentelewe, in die verhouding van die twee geslagte teenoor mekaar? Is ons handelinge tot eer of tot oëer van God? Dit is vrae waarvan ons as gelowiges nooit kan wegom nie, vrae wat elkeen vir homself voor die aangesig van God moet beantwoord.

Laat dit egter ook vir ons tot troos wees dat God al Sy weldade uit genade in liefde aan ons skenk. Daarom kan ons ook in hierdie moderne tyd nog die vreugde van die heil van God ervaar. Laat ons dan almal vasstaan in die geloof en die liefde jeens God.

Kovsiestoeiers hou van 'Over de Voor'

Geagte Redaksie,

Die onlangse Intervarsity was die tweede in die geskiedenis waartydens die stoelklub van die P.U. teen dié van U.V. te staan gekom het.

Vanjaar in Julie met die S.A.U.-stoelkampioenskappe in Kovsieland het ons ook kragte gemeet. Ek wil weer eens aan die Pukke sê, veels geluk met julle tweede plek tydens die kampioenskappe. Ook geluk aan Piet Goosen en J. Boshoff wat die S.A.U. se A-span gehaal het.

Tussen Ons Gesê

Dankie aan mnre. Brand, Bosman en Lindeque en al die Pukstoeiers wat ons verblyf in Potchefstroom tydens vanjaar se Intervarsity so aangenaam gemaak het. Ek dink „Over de Voor“ is dié koshuis op die Puk!

Volgende jaar is die plan om sommer vroeg in die tweede kwartaal in Potchefstroom teen Pote te gaan kragte meet. Dan ontmoet ons die Pukke dalk weer...

Groete,
DAWID FOURIE.
Universiteit van O.V.S.
(Brief verkort—Red. D.W.)

Te Konserwatief vir ons S.R.?

Geagte Redaksie, — Daar is al veel geskryf oor die afgelope verkiesing, maar nogtans wil ek ook graag 'n sêttjie inkry.

Ek meen ons almal beskou die P.U. vir C.H.O. as 'n universiteit met 'n Christelike karakter. Nou blyk dit egter dat hier baie van ons is wat ons aan hierdie karakter onttrek. Ons studeer hier, maar distansieer ons van die gees (geen Intervarsity-gees, nie) wat eie moet wees aan sodanige universiteit.


Nou het dit my verbaas om tydens die verkiesing te moes verneem dat sekere van ons kandidaat te konserwatief is om op die S.R. te kom. Dit kom vir my beslis nie ooreen met die karakter van ons Universiteit nie. Is dit dan nie juis hulle wat probeer om volgens die eise van dié Universiteit te lewe, wat waardige verteenwoordigers kan wees nie?

Ek wonder of die persone wat sodanige onsinnigheid kon kwy raak dit nie maar wil oorweeg om aan 'n ander universiteit te gaan studeer nie. Hulle is beslis nog nie ryp om aan so 'n „groot“ Universiteit soos hierdie te studeer nie. As hulle nie tevrede is met konserwatiewe denke nie, laat hulle dan maar hulle liberalistiese idees eiden gaan beoefen.

Onthou die leuse van ons Universiteit: In U lig!

L. D. AUCAMP.

BLOKTYD WORD RUSTYD



Stuudiemethode is 'n bepalende faktor in die uitslag van enige eksamen. Ons tekenaar het hier 'n voorstelling gemaak van „studiovizio“, die nuwe studiebevorderingsmasjien wat gepatenteer is vir ultra-vinnige absorpsie van enige leerstof.

LABORATORIUM DALK BINNEKORT BY BABERSPAN OPGERIG

'n Goedtoegeruste laboratorium waar voor- en nagraadse studente kan werk, word in die nabye toekoms in die vooruit-sig gestel by Baberspan. Daar is reeds 'n tyd gelede begin met 'n driejarige ondersoek van die fisiese-, chemiese-, en biologiese toestande by die pan.

Die Departement Dierkunde en Mikrobiologie van die P.U. en die Lydenburgse Visserynavorsings-instituut van die Afdeling Natuur-bewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie is by die ondersoek betrokke.

LEIDING

Die Navorsingsprojek van die P.U. staan onder leiding van dr. H. J. Schoonbee senior lektor in Dierkunde.

Die werk wat deur die twee departemente van die Universiteit onderneem word, word grootliks uitgevoer deur nagraadse studente wat die resultate vir magistrater-handelings sal gebruik.

Die oprigting van die laboratorium sal na skatting sowat R40,000

Beskermheer van Puk kry graad

'n Ere-doktorsgraad sal deur die P.U. toegeken word aan mnr. T. F. Muller, besturende direkteur van Federale Mynbou Beperk en General Mining Finance Corporation Ltd. Die toekenning sal geskied tydens die volgende gradeplegtigheid in April.



Die jaar 1965 sal nog lank onthou word as die jaar toe inlywing van die P.U. vir C.H.O. afgeskaf is. Hier sien ons hoe Hennie Viljoen met Dirk Wijnbeek kennismaak in die „goeie“ ou dae tydens 'n uitkenningssparade.

Foto: Fotokuns

OMWENTELINGE OP ALLE TERREINE

Deur J. VAN ROOY

DAAR is groot veranderinge in hierdie tyd. Omwentelinge en rewolusie vind op byna elke terrein van die lewe plaas. Haas geen aspek van die menslike bestaan op aarde maak nie die fenomenale ommekeer van hierdie eeu mee nie.

Tog is daar by die deursnee-persoon geen besinning nie. Soos 'n blaas op die kruin van 'n vloedgolf, ken hy slegs die weg van die minste weerstand. Vir vastrap en besin is daar net nie tyd nie. Baie gou word die man wat probeer koers-hou dan ook van kranksinnigheid beskuldig.

Ook in die gedagterewêreld het die rewolusie begin. Juis in dié tyd moet daar koersgehou word... moet daar vasgehou word. 'n Massamenig word geskep deur slegs 'n paar tydskrifte. 'n Mening strydig met die oorweldigende spoelgolf deur hulle voortgebring, word dan juis deur diegene gekritiseer wat met die golf saamspeel.

Hoewel dit baie energie vereis om so 'n vloedgolf voort te bring, is dit vir die kenner van die meganika relatief maklik.

GEHEIM

Die geheim is dit. Elke massa-sisteem het 'n natuurlike periode. Deur nou 'n goed beplande en beheerde krag periodes in fase aan te wend op die sisteem, word daar 'n groot vloedgolf al gou opgestapel. Hierdie vloedgolf neem 'n vernietigende grootheid aan as die wrywingskragte wat die ingenieur so klein as moontlik hou, verwyder word.

Die amplitude van so 'n vloedgolf neem nou eweredig aan tot die mag x toe — soos die weestand (-x) afneem.

Maar die intensiteit van die rewolusie in ons tyd kan ook met die e-funksie vergelyk word. Die som van die veranderinge al die eeue vooraf, word binne vyftig jaar verdubbel en snaaks genoeg, die e-funksie haal soortgelyke toere uit.

GEVAARLIK

Nou is daar persone wat die rewolusie van ons tyd toeskryf aan tegnologiese ontwikkeling. Dit is nie alleen geweldig misleidend nie, maar ook gevaarlik omdat dit die aandag van die wesenlike aftrek. Dit is so dat rewolusie in die tegnologie soos op al die terreine, ook geskied het deur die doelgerigte navorser, en dat die middele hierdeur beskikbaar gestel, verkeerd aangewend kan word.

Die vraag ontstaan wie die middele verkeerd aanwend en waarom?

Ons kyk na die rewolusie van die Oosterse — soos die opkoms van die Kommunistiese — anti-christelike state. Die rewolusie in die Weste is stiller en ewe onheilspellend, verandering in die aanvaarde Christelike sedelewe, verandering in ons Christelike regswese, die ondermyning van staatsgesag, die verskyning van lasterlike literatuur en pornografiese kuns ens.

Die rewolusie mik hom skynbaar teen die bestaande Chris-

telike orde wat vir eeue geëld het en ons gebring het waar ons is.

Kom 'n mens nou terug tot die meganiese voorstelling, sien jy dat daar kragte verantwoordelik is vir die verandering. Anti-christelike kragte. As die kragte nou resoneer met die natuurlike periode — weerklank vind in die harte van die sondige mens, dan skep jy 'n massagees — met 'n amplitude wat ontsettend vinnig toeneem as die weerstand afneem. Ek skryf die rewolusie toe aan 'n geleidelike uniforme afname in ons ernstige verzet teen hierdie anti-christelike strominge, teen doelbewuste sataniese aanslae. Die gevolge hiervan kan geweldig vinnig katastrofale afmetings aanneem — die doel van Satan en sy handlangers om 'n aardse koninkryk te skep om God mee uit te daag. Die Satan kom met sy enorme Utopiese leuen na die mens, dat hy soos God sal word as hy die geboorte oortree, terwyl hy in werklikheid 'n afgryslieke dood sal sterwe.

Die waarskuwing aan die valse profete: Jeremia 23: Hulle sê gedurig aan my veragters: Die Here het gesproke, julle sal vrede hê en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie... Kyk, 'n stroom van die Here, 'n grimmigheid het uitgegaan, ja, 'n dwarrelstroom! Op die hoof van die goddelose mense breek dit los...

na aksie.. satisfaksie



vol-ja smaa il

Regsvereniging se nuwe bestuur

Die P.U.-Regsvereniging het groot planne vir die toekoms, soos blyk uit 'n persverklaring wat verlede week gedoen is.

Die nuwe bestuur vir die volgende termyn is verkies tydens die vereniging se laaste vergadering van die jaar.

Die bestuur lyk soos volg: Mnr. Pat Cloete (voorsitter), mnr. Jan Bradley (o/voorsitter), mnr. Koos Roos (penningmeester), mej. Beatrice Lombard (sekretaresse) en mnre. Johan Groenewald en Johan van Graan (addisionele lede).

Mnr. Pat Cloete is ook aangestel as die nuwe redakteur van die vereniging se halfjaarlikse blad, *Libra*. —B.L.

GROBLERHUIS SE DAMES PRESTEER ORAL

PIET GROBLERHUIS, beter bekend as Thaba Jäh, is die koshuis van die P.U. wat vanjaar met trots die bors uit kan stoot. Op haas alle gebiede neem die dames voortou.

Mej. Wilna Roux is nie alleen gekies as die nuwe Dames-verteenwoordigster in die Studenteraad nie, maar sy is ook die voorsitter van die Sentrale Koshuiskomitee. Dis die eerste keer in baie jare dat die dubbele eer die oudste dames-koshuis te beurt val.

Veral op die sportgebied is Thaba Jäh deeglik verteenwoordig want baie Wes-Transvaalse deelnemers word in die koshuis gehuisves. In die Interkoshuis korfballiga loop hulle los voor en spog met sewe dames in die eerste span en drie in die tweede Puk-span. Die kapteine van die Puk-span, mej. Laureen Human, en mej. Janette Wissing en Christa Hattingh het die Wes-Transvaalse spanne gehaal.

EREKLEURE

Mej. Human, wat ook die afgelope jaar die hoof dame van die koshuis was het erekleure vir atletiek en korfbal ontvang As dame wat die afgelope jaar die meeste gedoen het ter bevordering van sport, het sy die Corrie van Rooy-wisseltrofee ontvang.

Die Puk se dames word in die Wes-Transvaalse jukskeispan verteenwoordig deur mej. Anna Welman wat ook erekleure in die sportsoort ontvang het.

Meer as die helfte van die pluimbalspan se dames kom uit Thaba Jäh. Mej. Rosalie de Klerk die onderkaptein, het die Wes-Transvaalse span gehaal, maar kon weens 'n kniebesering nie verder deelneem nie.

Die gimnastiekkaptein, mej. Hester van der Walt, dra verder by tot die prestasie van die koshuis, deur die Wes-Transvaalse span te haal.

BESKERMING

Op die hokkievelde en die tennisbane kan mens altyd verseker wees van verteenwoordigers uit Thaba Jäh. In die swemspan is mej. Anita du Plessis die kapteine. Ook sorg die dames deeglik vir hul eie beskerming. Verskeie dames leer om die skermkuns te bemeester.

Thaba Jäh presteer ook op kulturele gebied. Mej. Wilna le Roux is herkies as addisionele dameslid op die A.S.B.-bestuur. Mej. Janet-

te Wissing is die ander addisionele dameslid.

In die bestuur van Korps is mej. An van Wyk-de Vries herkies as addisionele dameslid.

Mej. Wilna le Roux volg mej. Tersia Geere op as volkspele leidster.

In die Duitse Studentevereniging was mej. Anita du Plessis die afgelope jaar die sekretaresse. Op die nuwe bestuur dien twee dames uit die koshuis. Hulle is mej. Lorene du Plessis, voorsitter, en mej. Mart Botha, addisionele da-

meslid. Lorene en Anita is susters.

AKADEMIES

Op die akademiese vlak staan die koshuis nie agter nie. Mej. Nicolette Aucamp het die Calderbankbeurs ontvang, wat geskenk word aan die student wat in die eerste jaar die beste in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe presteer.

Mej. Lorene du Plessis is die enigste student wat nie B. Mus. studeer nie, wat wel kan spog dat sy 'n Konservatoriumbeurs ontvang het, op grond van die finale eksamenuitslae.

—L.S.

Geheim oor gat se bestaan onthul

Dit is die gat daar waar mens indraai na die parkeerplek by die hoofgebou as jy by Klawerhof se hek ingekom het, wat hier ter sprake is.

Die feit dat die gat in die teer reeds etlike jare bestaan en steeds groei, laat mens onwillekeurig wonder of dit dalk 'n geheime doel dien en, wie weet, of die gat dalk uiteindelik bestem is om 'n visdam of iets dergeliks te word.

Sleepgeriewe nie voldoende, sê student in regte

DAAR is te min spykerbankies op die P.U.-kampus, het mnr. Piet van der Walt gister in 'n onderhoud aan ons verteenwoordiger gesê, toe hy gevra is om sy mening oor sleepfasiliteite van die Universiteit.

Mnr. Van der Walt wat 'n derdejaarsstudent in die regte is, het onlangs tydens 'n massavergadering in die Totiusaal, sterk beswaar gemaak teen „swak” sleepgeriewe op die P.U.

Daar is net elf spykerbankies op die kampus. Gewoonlik is daar 'n helder lamplig by of naby elke bankie. „Slegs twee-en-twintig van ongeveer twee duisend studente kan hulle dus saans op spykerbankies vermaak,” het mnr. Van der Walt gesê. Volgens hom sleep daar nie net twee-en-twintig studente op die Puk nie.

TOEGEKAMP

Die bekende Oude-Molenterrein word ook toegeskamp, het hy vervolg en gesê dat dit gedoen word om die studente van die P.U. vir C.H.O. daar uit te hou.

Studentepaartjies wil nie aldag gaan flik nie. „Waar moet hulle dan elders heen sleep?” het mnr. Van der Walt gevra. Om agter 'n skerm in 'n sit-



MNR. PIET VAN DER WALT
Foto: Fotokuns



Nuwe bestuur vir Geoloë

Die nuwe bestuur van die Potchefstroomse Geologiese Studentevereniging wat onlangs verkies is, lyk soos volg:

Voorsitter: Mnr. M. C. Brink.
Sekretaris: Mnr. J. C. Siebert.
Penningmeester: Mnr. J. Pretorius.

Verslaggewer: Mnr. H. Meadon.

Sleep bly maar 'n geliefkoosde afleiding vir die hardwerkende student.

Ons sleepers van die week is Bossie Muller en Annatjie van Rensburg.

Foto: Fotokuns

TERUGBLIK OP JAAR SE BEDRYWIGHED IN KLAWERHOF

AS die akademies-bewuste jong dames van Klawerhof terugkyk na die afgelope jaar wat haas verby is, sien hulle enkele hoogtepunte wat die gedagte van die minderbelangrike akademie op die voorgrond skuif, skryf ons verteenwoordigster.

Intertees met die manskoshuise en 'n braaivleis met die Dawie Doepers op die Oude Molen-terrein, het in die eerste semester plaasgevind.

Intervarsity het 'n gees van opwinding en afwagting in Klawerhof tot gevolg gehad tydens die tweede semester.

Ofskoon Lasarus, die gees van Klawerhof vir die grootste gedeelte van die tyd in Thaba Jäh moes deurbring, het dit die dames nie van stryk gebring nie.

Maar Intervarsity het gekom en weer gegaan. Met eksamen so vlak voor die deur moes almal in alle erns begin werk. Daar was darem tyd vir massa-

flik om „The Sound of Music” in Potchefstroom se „Grand Cinema” te gaan sien.

'n Modeparade is ook 'n tyd gelede in Klawerhof se sitkamer aangebied vir alle dameskoshuise op die Puk.

Henriette Sameuls is onlangs tot hoof dame verkies, word uit Klawerhof berig. Nuwe en ou huiskomitee-lede is na die verkiesing met geweld badkamer toe gesleep en deeglik gebad.

Die agterblywende dames van Klawerhof wens die vertrekkende dames voorspoed toe waar hulle volgende jaar in die praktyk sal staan.

—E.E.

J. HEIDEMA

Vir
FIETSE

en vakkundige
Herstelwerk

Opberging

van fietse gedurende
vakansies

Kerkstraat 48 —Tel. 5319

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . .”

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

**CASTLE
LAGER**

Geniet dit
koud!

Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op



Grant 5/35/24

Korfbalklub het vanjaar beter as ooit presteer

Die P.U. se korfbalklub het 'n besondere suksesvolle seisoen agter die rug. Groter prestasies as ooit is gelewer, luidens 'n verslag van die Korfbalklub aan ons verslaggewer.

Mejj. Loureen Human, Janette Wissing en Christa Hattingh was in staat om die Wes-Transvaalse span te haal. Daarbenewens is die korfbalspelers ook uitgenooi na proewe vir die Springbokspan. Hier kon hulle egter nie die hoogste louere inoos nie.

AFRIGTER

Die korfbalklub stel in die voor-

uitsig om tydens die volgende seisoen afrigting te ontvang van mnr. Bosman, voorsitter van die Wes-Transvaalse Korfbalunie en Springbokkeurder.

Moontlik kan ons uitblinkers op die korfbalveld met die nodige afronding tog een of twee springbokbaadjies na die P.U. bring.

—N

JUDOKLUB SLUIT JAAR OP HOË NOOT AF

Die Judoklub van die P.U. se amptelike wedstryde vir 1965 is op 'n hoë noot afgesluit toe die span van Wits op 27 Augustus in die Roodepoortse Stadsaal met 8-0 verslaan is.

Maarten Roode se geveg het gelykop geëindig. Gerrit Kruger het 'n 2-0 oorwinning behaal. Ook Len Goodchild het sonder veel moeite sy teenstander geklop. Vervolgens het Chris Jordaan die volgende twee punte behaal na 'n taai geveg. Willie van Aarde se maklike oorwinning oor die kaptein van die Witsies het die telling tot 8-0 op-

geskuif.

Die vier judomanne van die Puk het dieselfde aand vir die Wes-Transvaalse span teen Transvaal geveg.

Willie van Aarde het 'n mooi oorwinning oor Chris Swanepoel die Transvaalse ligswaarkampioen behaal.



Die korfbalklub van die Puk het 'n besonder suksesvolle jaar agter die rug. Hier verskyn die eerste span wat vanjaar groot lof op die korfbalbaan ingeoes het.

Foto: Fotokuns

Atletiekklub hou dinee

Die jaarlikse dinee van die P.U. atletiekklub is op 17 September in die King's hotel gehou.

Benewens lede van die atletiekklub was die bestuurslede en enkele eregaste, waaronder die burgemeester van Potchefstroom, ook teenwoordig.

As sprekers het opgetree mnr. F. van Zyl, Proff. W. N. Coetzee en D. P. J. Smith. Aan prof. W. N. Coetzee is 'n geskenk oorhandig as blyk van waardering vir sy belangstelling in die P. U. se atletiek.

Prof. D. P. J. Smith het ereklere ontvang vir jare van onafgebroke diens aan die klub.

Mnr. Kassie van der Walt, voorsitter van die atletiekklub vir die volgende termyn, het opgetree as gasheer tydens die dinee.

—N

DORPSTUDENTE IS NOG BAAS OP RUGBYVELD

Die dorp se rugbyspan onder leiding van Louw van Wyk het vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar die koshuisliga en daarmee ook die Tokkie Coetzee wisseltrofee verower. Sedert die koshuisliga drie jaar gelede ingestel is, speel die Dorpspan dus deurgaans baas.

Daarby spog die Dorpspan met die pretasie dat hy in die drie jaar

nog onoorwonne is. Slegs Dawie du Plessishuis kon vanjaar daarin slaag om by een geleentheid gelykop met Dorp te speel. In die betrokke wedstryd het Dawie Dup egter van spelers gebruik gemaak wat nie aan die koshuisliga mag deelneem nie.

Die gekombineerde koshuisliga-span, wat grotendeels uit dorpspelers saamgestel is, was die enigste rugbyspan wat met Intervarsity 'n oorwinning kon behaal. Die span het naamlik daarin geslaag om U.O.V.S. se vyfde span met 14-6 te klop.



WILLIE VAAR GOED OORSEE

Vanuit Duitsland word vernemen dat Willie Coetzee, jong hekkiesatleet van die P.U., goed vaar.

Willie het onlangs in Badkreuzen tydens 'n byeenkoms 'n goeie tyd van 14.5 in die 110 meter hekkies behaal. Die tyd het hy op 'n nat baan aangeteken.



Willie van Aarde „verduidelik” hier aan sy teenstander hoe 'n mens dit doen.

PUK TWEEDES KLOP POTE IN KRIEKET

In die eerste krieketwedstryd van die seisoen het die tweede-span van die Puk Saterdag daarin geslaag om die Potchefstroomse onderwyskollege met drie lopies te klop.

Vir Pote het F. le Roux goed gekolf en 59 lopies aangeteken. Eon de Bruyn het netjies vir die ukke gekolf en 33 waardevolle lopies behaal. Chris Rautenbach en Piet Mulder het ook goed veron.

Onder die P.U. se boulers het Chris Coetzer, Henk van Wyk en Chris Rautenbach die beste gevaar.

Tafeltennisklub kon die pyp nie rook vanjaar

Die P.U. Tafeltennisklub het 'n harde seisoen agter die rug. Tydens die Wes-Transvaalse Interklubkampioenskappe het hulle deurgedring tot die kwarteindrondte. Die A-span van Discovery het die Pukke hier uitgeskakel.

In die A liga het die P.U. se tafeltennismanne in die finale te staan gekom teen die Potchefstroomse Poskantoorspan. Die P.U. span kon ongelukkig nie die pyp rook nie.

Met die bestendige spel van Pieter van der Walt, Yda Ferreira, Betsie Brits en die mooi verbetering wat Guillaume Uys in die afgelope seisoen getoon het, word baie verwag van die P.U. tafeltennispan in die komende seisoen.



DIE OU MUTUAL

bied u die beste in Lewensversekering

KAM 1/65

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”

Kerkstraat 91-95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borchardstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157

Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE”

KRIEKETKLUB BEOOG BAIE WEDSTRYDE

Tenspyte van die feit dat die krieketspan van die Puk nie hierdie seisoen in die Wes-Transvaalse liga sal deelneem nie, is die moontlikheid van heelwat interessante wedstryde nie uitgesluit nie, sê mnr. W. Roux, kaptein van die span.

Daar sal sover moontlik gepoog word om vriendskaplike wedstryde teen spanne van Wes-Transvaal, Johannesburg, Pretoria en Vereeniging te reël asook die gebruikelike inter-universitêre wedstryde.

Die jaarlikse botsing tussen die Pukke en U.O.V.S. is reeds oor-
tuigend deur die Pukke gewen toe hulle die Kovsies met 51 lopies kageloop het. Die voorgenome wedstryd teen Tukkie is op die laaste oomblik deur die Tukkie gekanselleer en was 'n groot teleurstelling vir die Pukke.

Op Maandag 11 Oktober speel die Puk se eerste span teen 'n span

van Wits op die Oude Molen. Die wedstryd behoort uiters interessant en opwindend te verloop.

Vanaf 6-10 Desember neem die Pukke weer deel aan die jaarlikse inter-universitêre toernooi wat vanjaar te Stellenbosch gespeel word. Die spelers sien uit na hierdie toernooi waar hoogstaande krieket gespeel word en goeie ondervinding opgedoen word.

Pluimpie vir P.U. se skermklub

Die skermklub van die Puk het in hulle eerste wedstryd van die jaar teen die ervare klub van die Pretoriase Tegniese Kollege met nege gevegte teen sestien verloor. Vir meeste van die Pukke was dit hul heel eerste wedstryd.

Onder die mans het Fickie Fick goed vertoon. Die dames het ver-ras en met goeie veggees voor die dag gekom.

Prof. Deim skermafrigter van die kollege het tydens die onthaal wat na die wedstryd plaasgevind het, met lof verwys na die veggees van die Pukke. —S.V.



Die krieketselsoen het pas begin. Die Puk se eerstespan het reeds die Kovsies met die kous oor die kop huls toe gestuur.

George Heunis is hier in die nette tydens die eerste krieket-oefening.

Foto: Mac v. d. M.

Wêreldwye Verbod Op Boks Sal Kom, Sê Professor

Dit is net 'n kwessie van tyd voordat 'n wêreldwye verbod op boks geplaas word. Dit is die mening van een van die wêreld se grootste teenstanders van die sportsoort en internasionaal bekende deskundige, prof. A. H. Steinhaus, fisioloog verbonde aan die Chicago-kollege vir beenkunde.

Prof. Steinhaus is tans in Suid-Afrika op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Vereeniging vir Liggaamsopvoeding en Ontspanning, en sal 'n aantal lesings lewer en ook by die Vereniging se konferensie optree.

Hy het 'n ernstige beroep op alle Suid-Afrikaanse senuartse, medici en wetenskaplikes wat 'n kennis van boks het gedoen om mee te help in 'n internasionale opname oor boks

wat daarop gemik is om boks oor die hele wêreld verbied te kry. Prof. Steinhaus het gesê sy komitee wil 'n verslag aan die Internasionale Olimpiese Komitee voorlê sodat boks eers daar op wêreldwye vlak verbied kan word. Hy het reeds groot sukses in die V.S.A. behaal waar boks in feitlik al die state se hoërskole verbied is.

Prof. Steinhaus sal Donderdag twee lesings in die Sielkunde laboratorium van die Potchefstroomse Universiteit hou. Die eerste begin om 8.50 en handel oor: „Wat liggaamlike opvoeding kan doen vir die emosionele en geestelike aspek van die menslike persoonlikheid.”

Die tweede lesing begin om 3.40 nm. en handel oor 'n bespreking van: „Fisiologie vir afrigters en atlete.”

SWEMBYEENKOMS DESEMBERMAAND IN GRAHAMSTAD

Met die vooruitsig van die interuniversitêre swembyeenkoms wat in Desember in Grahamstad plaasvind, het die swemklub groot planne om die seisoen goeie rekenskap van hulself te gee, berig ons verslaggewer.

Dr. W. Putter is reeds genader om te help met die afrigtingswerk. Aangesien die klub weer opgebou moet word as gevolg van die vertrek van baie van die ou lede, word voornemende klublede aangemoedig om nie die geleentheid waar hulle behoorlike afrigting kan ontvang, mis te loop nie.

Onderhandelinge is ook reeds aan die gang om die swemgeriewe te verbeter, veral vir die waterpolospelers. Volgens die sekretaris, mnr. Louis van der Walt, het die klub die potensiaal om goed te presteer, dog nuwe

lede en groter belangstelling in die klub, kan die standaard verhoog. — P.F.S.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

P.U. - KARATEKLUB?

Die karateklub van die P.U. is tans nog nie by die S.S.B. geïnkorporeer nie, maar die stap word in die nabye toekoms beoog, het mnr. Zachie Coetzee in 'n onderhoud gesê. Karatekompetisies sal daarna op die P.U. gereël word.

Die karateklub het aan, die begin van die jaar tot stand gekom onder leiding van mnr. Coetzee. Daar is tans twintig lede aan die klub verbonde.

ONDERRIG

Mnr. Coetzee en mnr. Raymond Robertse was Juliemaand in Durban waar hulle verdere onderrig ontvang het van 'n Japanner, mnr. T. Kase.

Daar word meer sulke kursusse vir volgende jaar beoog, het mnr. Coetzee gesê. 'n Karatevertoning word ook in die vooruitsig gestel.

ten einde die sportsoort aan die Pukke bekend te stel.

Oud-Pukke

Drie oud-Pukke, Toy Dannhauer, Piet Bosman en Johan van der Schyff het op Saterdag 11 September vir die Transvaalse span uitgedraf. Vyf jaar gelede was hulle staatmakers in die eerste span. Toy en Johan was gereelde spelers vir die Transvaalse span wat vanjaar 'n skitterende rekord opgestel het. Johan was ook Junior Springbok.



'n Valskermespringer land op die rugbyveld van die P.U. tydens 'n vertoning wat deur die Potchefstroomse onderwyskollege gereël is. Die vertoning was deel van die jaarlikse kermis van die kollege.

Foto: Fotokuns

Uitnodiging aan P.U. se fietsers

Die Potchefstroomse Amateur Fietsryklub nooi alle belangstellende studente aan die P.U. vriendelik uit om deel te neem aan die fietsresiese wat die klub reël, het 'n woordvoerder gesê. Belangstellendes moet met die Sekretaris, P.A.F.K., Posbus 20032, Noordbrug, in verbinding tree.



Dit is die snit wat tel . . .

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

J. Tod Suttie

Volledige Mansuistrusters en
Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411

Bande met België het by Maria Van Riebeeck begin!

Die heelerste dame om in Suid-Afrika te kom woon, was van Belgiese afkoms. Sy was Maria de Queillerie, vrou van Jan van Riebeeck. Haar ouers stam uit dié deel van Suid-Nederland wat eers in 1830 as België bekend geword het.

Ons bande met België strek dus oor drie eeue.

En deur die jare het Vlaams en Afrikaans die tweeling van die Dietse Taalgroep gebly. Ons verstaan mekaar . . . ondersteun mekaar. Werk kop in een mus saam op kultuurgebied. Ken mekaar. Daarom voel ons mense tuis in België, waar ons selfs sake in Afrikaans kan beklink.

Laat SABENA u onder sy vleuels neem en vertroetel. Sodra u 'n Sabena-Boeing binnestap, kan u met die lugwaardin Afrikaans praat. U voel tuis terwyl u in weelderige gerief reguit vlieg na Brussel — hart van die Euromark — waar winskanse op u wag. Of kuier rustig rond in Brugge, die antieke kultuurstad. En praat gerus oral Afrikaans. Sabena — snelvlygte na enige vastelandse hoofstad en Brittanje.

Of bly oor in wonderlike Spanje teen geen ekstra koste nie. Gesels gerus met u reisagent oor Sabena.



BELGIESE Wêreld-LUGDIENS

Inter-kontinentale Boeing-stralers van een vasteland na 'n ander, Kontinentale Caravelle-stralers dwarsdeur Europa en die Midde-Ooste.